Baba & kleuter

# REG VIR SKOOL



MYLPALE



VAARDIGHEDE



KREATIWITEIT

600 AKTIWITEITE OM JOU KIND SKOOLGEREED TE KRY

## PRAKTIESE PLANNE vir sukses

MET TROTS AANGEBIED DEUR my first Crayola™


my first
Crayola
Die regte gereedskap vir die kleinste handjies.
My First Crayola gee ouers unieke, gerusstellende oplossings met ontwikkelings-toepaslike kreatiewe spelervarings vir kinders 12m - 36m.
Mors-vry
Wasbaar
Veiligheid
Oorsaak en effek
Skep herinneringe



WISKUNDE



LEWENSVAARDIGHEDE



MYLPALE

## INHOUD


6 **Skoolgereedheid** Wat beteken skoolgereedheid?
12 **Groot motoriese vaardigheid** 'n Groot storie
18 **Fyn motoriese vaardigheid** Fyn kunsies van die lewe
24 **Taalvaardigheid** Hallo, ouma!
30 **Luistervaardigheid** Wie ore het...
34 **Visuele vaardigheid** Om beter te kan sien, my kind
38 **Syfervaardigheid** Slim met syfers
44 **Emosionele rypheid** Skool toe met 'n glimlag
50 **Lewensvaardigheid** Reg vir die regte lewe?
54 **Speelgoed** Welkom in speelgoedland
60 **Sintuie** Slim met sintuie
66 **Lees** Leesgierig is plesierig
72 **Kreatiwiteit** Kreatief vir 'n slim hartedief
78 **Tegnologie** Jou eie IT laatie




TEGNOLOGIE



TAAL



OEFENING



KREATIWITEIT

Baba & kleuter

# redakteursbrief



Die eerste laerskooljaar is 'n reuse-mylpaal in 'n kind se lewe. Min mense vergeet ooit hul graad een jaar. Alles van die juffrou se naam tot langs wie jy gesit het tot wat in jou kosblik was en wat julle pouse gespeel het, maak 'n blywende indruk. Maak jou oë toe en jy kan sekerlik nog die bordkryt en grondboontjiebotter ruik.

Hierdie digi-tydskrif se doel is om ouers te help om hul kinders voor te berei op skool. Almal wil tog hê dat hul kind se graad een jaar 'n goeie jaar moet wees. Skoolgereedheid is 'n proses wat al in die babajare begin, want elke ontwikkelingsmylpaal bou op 'n vorige mylpaal.

Hou net in gedagte dat geen van die voorstelle in dié tydskrif soos werk moet voel nie – nie vir jou of jou kind nie. As 'n aktiwiteit jou kind nie aanstaan nie, los dit eers en probeer oor 'n maand of wat later. Moenie druk op jou kind sit nie en moenie jou kind se afrigter probeer wees nie. 'n Kind se werk is om te speel, en dis deur lekker speletjies dat ontwikkeling geskied. Ouers se werk is om saam te speel of speletjies te fasiliteer. Ons wil jou inspireer om 'n verrykte omgewing vir jou kind te skep waarin sy volle wese kan floreer. As jy dít in die voorskoolse jare kan regkry, sal jou kind met selfvertroue skool toe gaan en sukses op die skoolbanke is gewaarborg.

Laat die pret begin!

*Helen*

> "Skoolgereedheid is 'n proses wat al in die babajare begin, want elke ontwikkelingsmylpaal bou op 'n vorige mylpaal."

KOOP AANLYN
shop.yourparenting.co.za




YOUR Parenting ONLINE SHOP

Baba kleuter
OP JOU SELFOON
www.babaenkleutermini.co.za

# Baba & kleuter

**REDAKTEUR** Helen Schöer - helen@babaenkleuter.co.za
**ASSISTENT-REDAKTEUR** Yolandi Jordaan - yolandi@babaenkleuter.co.za
**KUNSREDAKTEUR** Renthia Buitendag - renthia@babaenkleuter.co.za
**ONTWERPER** Yvette Steenberg - yvette.steenberg@babaenkleuter.co.za
**TEKSREDAKTEUR** Joan van Zyl - joan.vanzyl@media24.com
**LEEFSTYLREDAKTEUR** Joanita Cillié - joanita.cillie@media24.com
**DIGITALE REDAKTEUR** Sophia Swanepoel - sophia.swanepoel@media24.com

**BABA & KLEUTER,** 5 Protea Place, South Block, Fredman-rylaan,
Sandown 2146 OF Posbus 95312, Grant Park 2051
Tel: 011-217-3058 Faks: 086-536-2014

**ADVERTENSIEVERKOPE EN -OPLOSSINGS**
**NASIONALE ADVERTENSIES: PINPOINT**
Brigitte Kolver 011-454-6051 brigitte@pinpoint.co.za
Zoë Smith 011-454-6051 zoe@pinpoint.co.za
**KLEINADVERTENSIES: PINPOINT**
Caroline Martin 011-454-6051/2 caroline@pinpoint.co.za
**BEMARKINGSBESTUURDER** Erin Viljoen - erin.viljoen@media24.com

## INTEKENINGE
0861 000 608
Internasionaal: +27-21-405-3256
Faks: +27-21-405 3256
inteken@babaenkleuter.co.za
www.subscribe24.co.za
**SIRKULASIEBESTUURDER** Adéle Minnaar 011-296-4344
**BESTUURDER: INTEKENDIENSTE** Dilshaad Hassan 021-443-9937

**HOOFBESTUURDER: VROUETYDSKRIFTE** Liezl de Swardt
**UITGEWER** Nikki Rüttimann - nikkir@media24.com
**ALGEMENE NAVRAE (KAAPSTAD)** Anita Grindlay-Whieldon 021-408-1278
**KANTOORBESTUURDER** Maphuti Mongatane 011-263-4954

Baba & Kleuter word uitgegee deur Media24, Naspers-sentrum,
Heerengracht 40, Kaapstad, 8001. Tel: 021-406-2121
**UITVOERENDE HOOF: MEDIA24** Esmaré Weideman
**UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 TYDSKRIFTE** John Relihan
**FINANSIËLE HOOF: MEDIA24 TYDSKRIFTE** Raj Lalbahadur

Gedruk deur Paarl Media Kaap en versprei deur On the Dot.

Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aansprekklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Teen druktyd was alle pryse vir vertoonde items en dienste korrek.




MAGZTER DIGITAL MAGAZINE STORE TAP · READ · ENJOY
MY SUBS

# WAT BETEKEN skoolgereedheid?

## Almal praat van skoolgereedheid, maar hoe weet jy of jou kind werklik reg is vir dié groot stap?

Met die graad O-jaar (O staan vir Ontvangsjaar of in Engels R vir Reception Year) wat soos 'n resiesperd verbysnel, begin die uitdaging van graad 1 'n werklikheid word en wonder jy waarskynlik ietwat senuweeagtig of jou klein mensie werklik gereed sal wees om die 'grootskool' te betree. Sal hy gereed wees om by die uitdagings van formele onderrig aan te pas en homself sosiaal, emosioneel, fisiek en ook intellektueel kan handhaaf?

Kenners onderskei tussen skoolrypheid en skoolgereedheid: skoolrypheid verwys na 'n biologiese 'rypwordingsproses' tot die vlak waar jou kind intellektueel en fisiek gereed is vir leer in 'n formele omgewing. Die meeste kinders is teen 6 jaar skoolryp – wat verklaar hoekom dit die amptelike 'skoolgaanouderdom' is vir graad 1 wat deur die Departement van Onderwys voorgeskryf word – maar dit kan wissel. Hierdie is nie iets wat jy kan ryp druk nie; jy moet geduldig wag tot jou kind se fisiese en psigiese ontwikkeling op die regte vlak is.

Waar jy wel kan help is met skoolgereedheid: dit strek wyer as skoolrypheid en sluit ook sosiale en emosionele rypheid in. 'n Kind kan intellektueel en fisiek gereed wees vir die eise van graad 1, maar as hy emosioneel nie sterk genoeg is nie of sosiaal sukkel om aan te pas, kan graad 1 vir hom in 'n nagmerrie ontaard. Hy moet dus op alle vlakke gereed wees vir skool. Terwyl jy nie skoolrypheid kan beïnvloed nie, speel jy as ouer 'n belangrike rol in jou kind se skoolgereedheid en kan jy dit help ontwikkel deur hom soveel moontlik blootstelling, stimulasie en emosionele ondersteuning te gee.





WISKUNDE



LEWENSVAARDIGHEDE



TAAL

Die voordeel is dat jou kind reeds deur sy hele graad O-jaar doelbewus voorberei word op die uitdagings wat wag. Net soos in die res van die grondslagfase (van graad O tot 3), is daar drie vakke in graad O: Taal (wat in graad O uit die huistaal bestaan, maar vanaf graad 1 ook 'n tweede taal insluit), Wiskunde en Lewensvaardigheid. Elk van hierdie vakke het vaste asseseringstandaarde vir graad O wat in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring (KABV of CAPS in Engels) uiteengesit word en wat deur die onderwyseres gebruik word om vas te stel of jou kind gereed is vir graad 1.

As jou kind in graad 1 begin, sal die onderwyseres weer 'n grondlynassesering doen om te kyk waar jou kind staan. Sy sal onder andere die riglyne op die volgende blad gebruik (Jou kind hoef dit nie alles 100% te kan doen nie, maar moet ongeveer in lyn wees).

## KRY HULP

- As jy agterkom dat jou kind sekere aktiwiteite vermy, soos knip of inkleur, behoort rooi ligte te flikker.
- As jou kind werklik buitengewoon woelig is en dit moeilik vind om vir langer as 15 minute stil te sit.
- As jou kind se aandag so erg dwaal dat hy sukkel om 'n storie klaar te vertel of sinne te voltooi.
- As jou kind sukkel om te luister na opdragte en om opdragte uit te voer.
- As jou kind grootmotories onderontwikkel is.
- As jou kind se woordeskat baie swak is en hy sukkel om homself uit te druk.




## 1
## WISKUNDE

- Hy kan die basiese vorms benoem en teken, asook aandui hoe dit verskil. Hy ken 8 of meer kleure.
- Hy kan ten minste tien voorwerpe soos blokkies of potlode akkuraat tel (verkieslik tot 20) en ken die getalname ('een') en simbole ('1') vir 1 tot 10 (lees en skryf). Hy kan tel tot minstens 20.
- Hy kan voorwerpe volgens klas, kleur, vorm, lengte of getal sorteer en sê hoekom hulle bymekaar pas, byvoorbeeld alles wat 'n mens kan eet, of alles wat rooi is.
- Hy orden en vergelyk versamelings voorwerpe met beskrywings soos meer, minder, ewe veel.
- Hy kan eenvoudige wiskundige probleme prakties oplos soos die verdeling of groepering van ten minste tien voorwerpe met reste, byvoorbeeld as jy nege koekies gee en sê hy moet dit tussen hom en sy maatjie verdeel.
- Hy kan verbale optel- en aftreksomme met enkelsyfergetalle oplos, byvoorbeeld: "As ek ses vingers het en ek sit een by, hoeveel het ek dan?"
- Hy kan patrone in die omgewing herken en sy eie patrone skep. Hy kan eenvoudige patrone kopieer en uitbrei met voorwerpe soos krale of blokkies en tekeninge waarmee hy die kleure of vorms uitbeeld.
- Hy kan 3D-voorwerpe soos bokse en balle in die omgewing en prente herken, identifiseer en benoem. Hy beskryf, sorteer en vergelyk 3D-voorwerpe volgens grootte.
- Hy kan 3D-voorwerpe bou met boublokkies en kan een 3D-voorwerp beskryf in verhouding tot'n ander, byvoorbeeld voor of agter.
- Hy kan rigtingaanwysings volg om homself binne 'n vertrek te verplaas of posisioneer. Hy ken ook ander ruimtelike begrippe soos bo, onder, links, regs, binne, agter, voor.
- Hy het 'n redelike goeie tydsbegrip en -woordeskat en kan sê of dit dag of nag is. Hy kan ook gebeure in een dag in volgorde plaas, byvoorbeeld ons staan op, trek aan, eet ontbyt en gaan skool toe.
- Hy kan op'n konkrete vlak met begrippe soos massa, kapasiteit en lengte omgaan deur byvoorbeeld te sê die een voorwerp is swaar en die ander een is lig, iets is vol/leeg, ens.
- Sy datahanteringsvaardighede behels dat hy voorwerpe uit die omgewing bymekaar kan maak volgens'n sekere kenmerk, voorwerpe kan sorteer volgens een eienskap en die versamelings dan beskryf as meer of minder as ander.

## 2

## TAAL

### Luister

- Hy kan aandagtig luister. Hy reageer op wat gesê is, kan gesprekke voer en beurte maak om te praat.
- Hy luister met genot na stories, rympies of liedjies, verstaan die hoofidee daarvan en kan 'n prentjie teken daaroor.
- Hy herken sommige rymwoorde in liedjies en rympies en kan sy eie rymwoorde byvoeg. Hy groepeer woorde soos dié wat rym.
- Hy begin klankbewustheid ontwikkel: hy weet byvoorbeeld dat woorde uit klanke bestaan en kan onderskei tussen verskillende klanke, veral dié aan die begin en einde van woorde. Hy herken die klanke aan die begin van sommige woorde en hy kan hoor as woorde dieselfde klink.
- Hy kan die ritme van 'n woord 'klap' en kan twee woorde bymekaar sit om een woord te maak.
- Hy kan mondelinge sinne in afsonderlike woorde verdeel.
- Hy kan 'n storie met twaalf feite in die korrekte volgorde weergee.
- Hy kan vier eenvoudige opdragte uitvoer, byvoorbeeld: "staan op, klap jou hande, draai in die rondte en gaan sit".

### Praat

- Hy praat duidelik en sonder om klanke om te ruil, byvoorbeeld 'tat' in plaas van 'kat'. Hy gebruik saamgestelde sinne met gemak.
- Hy ken die voornaamwoorde soos hy, sy, hom, haar, hulle, asook basiese meervoudsvorme.
- Hy gesels graag oor sy gesin, familie en maats en druk sy gevoelens uit, asook dié van ware of denkbeeldige mense.
- Hy kan eenvoudige gediggies aanleer en opsê en liedjies sing.
- Hy reageer duidelik op vrae wat gevra word en sal vrae vra as hy iets nie verstaan nie.
- Hy kan boodskappe oordra.
- Hy gesels graag oor sy eie ervarings en vertel sy eie stories en ander mense se stories in sy eie woorde. Hy kan 'n reeks prentjies in volgorde plaas om sy eie storie te vertel.

Hy neem deel en gee sy insette in 'n groepsopset met selfvertroue.

### Ontluikende skryf en lees:

- Hy kan sy naam herken en skryf en het 'n goeie potloodgreep.
- Hy kan tussen die lyne inkleur.
- Hy kan tussen twee lyne 'n lyn horisontaal oor 'n blad trek sonder om aan die kante te raak en sonder om die potlood op te lig.
- Hy kan 'n skêr met gemak hanteer en prentjies uitknip en op 'n spesifieke plek plak.
- Hy kan hoofletters by hul kleinletters pas en kan onderskei tussen teken en skryf.
- Hy kan letters, patrone en vorms natrek.
- Hy kan ten minste 'n 30-stuk legkaart bou.
- Hy het reeds 'n dominante hand wat hom klassifiseer as links- of regshandig.
- Hy kan 'n boek korrek hanteer, sal dit reg draai om te 'lees' en sal weet om van voor na agter te lees.





## 3 LEWENSVAARDIGHEDE

**Sy persoonlike ontwikkeling:**

- Hy kan sy naam en van sê, weet hoe oud hy is en wanneer hy verjaar.
- Hy ken sy telefoonnommer en adres.
- Hy kan die meeste van sy liggaamsdele benoem en sê wat sy lyfie kan doen. Hy kan onderskei tussen sy linker- en regterkant.
- Hy het goeie maniere soos om asseblief of dankie te sê. Hy weet dat hy sy hand voor sy mond moet sit as hy gaap of hoes.
- Hy is nie huilerig as hy nie sy sin kry of klein dingetjies verkeerd loop nie, maar maak 'n plan om die probleem op te los. Hy kan uitdrukking aan sy emosies gee sonder om homself, ander kinders of besittings seer te maak.
- Hy kan vir ten minste 'n oggend weg van sy ouers wees sonder dat dit vir hom erg is of hom ontstel.
- Hy kan by die klasroetine aanpas en instruksies uitvoer. Hy kan tot 30 minute stilsit om na 'n storie te luister of 'n speletjie te speel.

**Sy gesondheidsontwikkeling:**

- Hy ken die basiese beginsels van goeie higiëne (en kan daaroor gesels) soos om te bad, jou hande te was nadat jy met diere gespeel het of toilet toe was.
- Hy ken basiese veiligheids-beginsels by die huis en by die skool, byvoorbeeld dat hy nie sommer oor die pad moet hardloop nie.
- Hy kan homself versorg: hy kan alleen toilet toe gaan, homself aantrek, sy skoenveters vasmaak, en met eetgerei eet.

**Sy sosiale ontwikkeling:**

- Hy kan sê wie sy gesinslede, familie, beste maatjies en sy versorger is.
- Hy kan verantwoordelikheid in die klaskamer aanvaar, soos om sy speelgoed op te ruim as hy klaar gespeel het, en weet ook wat sy regte is, byvoorbeeld dat 'n maatjie hom nie mag seermaak nie.
- Hy kan sy beurt afwag en sy speelgoed met ander maatjies deel sonder om afknouerig te raak.